Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com

GEDRAGSKODE & DISSIPLINÊRE BELEID VAN LEERDERS

Hersien: Februarie 2026

1. DOEL

Hierdie beleid omskryf die waardes, reëls en dissiplinêre stelsel vir leerders by Laerskool Gericke en is opgestel in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No. 108 van 1996 ("die Grondwet"), asook alle toepaslike onderwyswetgewing, insluitend maar nie beperk nie tot die Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996 ("die Skolewet"), en die *Basic Education Laws Amendment Act*, No. 32 van 2024 ("BELA").

Hierdie beleid het ten doel om 'n veilige, ordelike, regverdige en leervriendelike skoolomgewing te bevorder en te handhaaf, en om:

1.1 Die waardes, reëls en regulasies rondom leerdergedrag by Laerskool Gericke te omskryf en verduidelik die dissiplinêre stelsel van toepassing op leerders wat die gedragskode verontagsaam.

1.2 'n Gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses te skep.

1.3 Die handhaaf van orde, asook die vestiging en bevordering van effektiewe onderwys en kundigheid in die skool.

1.4 Die regte van alle leerders te beskerm soos saamgevat in die Grondwet van Suid-Afrika.

1.5 Die ontwikkeling en bevordering van wedersydse respek en verdraagsaamheid binne die skool, tussen personeel, leerders en die ouergemeenskap.

1.6 Om 'n veilige omgewing te skep waar effektiewe leer plaasvind.

1.7 Grense te stel waarin leerders leer hoe om hulleself te handhaaf en selfdissipline toe te pas.

1.8 Die ontwikkeling in die geheel van die onvolwasse leerder en begeleiding tot adolessensie / volwassenheid.

1.9 Oop en effektiewe kommunikasiekanale met ouers en die skool te vestig.

1.10 Riglyne daar te stel vir alle leerders verbonde aan hierdie skool waarvolgens hulle moet optree en ten alle tye te verseker dat hulle die naam van dieskool met trots en waardigheid moet hoog hou.

1.11 Onder geen omstandighede deur sy/haar gedrag die skool in die skande steek nie.

1.12 Te verseker dat alle leerders hul eiendom moet respekteer asook van die skool, medeleerders, opvoeders en nie-doserende personeel.

1.13 Gepaste optrede uiteen te sit vir die regstelling van ongedissiplineerde gedrag ooreenkomstig die dissiplinêre beleid hiertoe aangeheg.

2. TOEPASSING & GESAG

2.1 Hierdie beleid is van toepassing op alle leerders, personeel, ouers/voogde en besoekers op die skoolterrein of by enige amptelike skoolaktiwiteit deur die skool gereël en moet gelees en toegepas word in samehang met toepaslike wetgewing en regulasies.

2.2 Die Minister van Onderwys is verantwoordelik vir die formulering van die beleid vir die kontrole en dissipline van leerders soos ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, No. 27 van 1996 (**"die Nasionale Onderwysbeleid"**).

2.3 Behoudens enige toepaslike provinsiale wet moet die skoolbeheerliggaam van Laerskool Gericke die gedragskode vir leerders van die skool ná oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool aanvaar soos ingevolge Artikel 8(1) van die Skolewet.

2.4 Die voormelde moet in lyn wees met die fundamentele regte gewaarborg deur die Suid-Afrikaanse Grondwet, en ander relevante wetgewing en regulasies.

3. WETLIKE RAAMWERK

Hierdie beleid is gegrond op en moet gelees word saam met die Grondwet, en alle toepaslike nasionale en provinsiale wetgewing wat die bestuur, dissipline en beskerming van leerders in openbare skole reguleer, insluitend maar nie beperk nie tot die volgende:

3.1 Die Skolewet, soos gewysig, insluitend artikel 8A rakende soektogte, beslaglegging, asook alkohol- en dwelmtoetse.

3.2 BELA, wat onder andere voorsiening maak vir verpligte Graad R, skoolbywoning, goedkeuring van taal- en toelatingsbeleide deur die Hoof van Departement, die verfyning van dissiplinêre prosesse en die definisie van ernstige wangedrag, asook die voortgesette verbod op lyfstraf en inisiasiepraktyke.

3.3 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, No. 27 van 1996.

3.4 Die Wes-Kaapse Regulasies vir die Dissiplinering, Skorsing en Uitsetting van Leerders in Openbare Skole (Provinsiale Kennisgewing 365 van 2011).

3.5 Die Kinderwet, No. 38 van 2005, insluitend artikel 110 rakende verpligte rapportering van mishandeling of verwaarlosing.

3.6 Die Strafregwysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, soos gewysig deur Wet 13 van 2021, wat uitgebreide rapporteringsverpligtinge voorskryf.

3.7 Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, No. 4 van 2013 ("POPIA"), en toepaslike riglyne rakende die verwerking en beskerming van persoonlike inligting.

3.8 <u>Interpretasie en Terme:</u>

3.8.1 Tensy anders aangedui, moet terme soos "ernstige wangedrag", "skorsing" en "uitsetting" geïnterpreteer word in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, insluitend die BELA en die Wes-Kaapse provinsiale regulasies.

4. WAARDES WAARNA ONS SKOOL STREEF

4.1 NEDERIGHEID
- As 'n seun sy stoel gee vir 'n meisie.
- As 'n persoon nederig in sekere situasies optree (bv. sport/kultuur presteerder in die skool).
- As 'n leerder 'n rusie stopsit.

4.2 GEHOORSAAMHEID
- Indien 'n leerder aangaan met sy/haar werk indien onderwyser nie in die klas is nie.
- Neem skoolreëls en opdragte van onderwyser in ag.
- Goeie houding teenoor reëls van skool of in klas.

4.3 LIEFDEVOL
- 'n Senior leerder kan 'n junior leerder met liefde hanteer.
- Gee om vir maats, bv. as 'n maat seerkry.
- As 'n leerder ander motiveer om hul unieke self te wees.

4.4 VRIENDELIKHEID
- Altyd positief.
- Groet onderwysers met 'n glimlag.
- Laat nuwe leerders altyd welkom voel.

4.5 TROTS
- Deur terrein netjies te hou.
- Skoolklere met trots te dra.
- Leerder doen skoolwerk met trots (netjiese, volledige werk).

4.6 RESPEK
- Respek vir jouself en jou besittings.
- Groet personeel en gaste by skool.
- Respek vir vriende en skoolterrein.

4.7 DANKBAARHEID
- Dankbaarheid bewys deur mense te help in nood.
- Dankbaarheid bewys teenoor vriende.
- Dankbaarheid vir goeie onderrig, leerders kan dus hard werk.

4.8 GOEDHARTIGHEID
- Reik uit na ander al is hulle nie deel van jou groep nie.
- Iemand anders sien sukkel en hulle help (bv. Juffrou wat swaar dra).
- Bring kos vir leerder wat nie het nie.

4.9 DIENSBAARHEID
- Bereid is om iemand te help wat nie werk verstaan nie of agter is.
- Om onderwysers te help as werk klaar is.
- 'n Diensbare verhouding te hê deur van jouself te gee sonder om terug te verwag.

4.10 BLYDSKAP
- Deur ander leerders te laat lag.
- Motiveer ander leerders.
- Altyd positief om aan aktiwiteit deel te neem.

4.11 EERLIKHEID
- Eerlik teenoor jouself.
- Eerlik in skoolwerk, jy doen werk self en niemand anders nie.
- Eerlik teenoor onderwysers in alle omstandighede.

5. ALGEMENE BEGINSELS

Hierdie beginsels moet saamgelees word en geen beginsel mag geïsoleerd geïnterpreteer word op 'n wyse wat die doel van hierdie gedragskode ondermyn nie.

5.1 <u>Beste belang van die kind as oorheersende beginsel:</u>

5.1.1 In alle besluite en dissiplinêre optrede ingevolge hierdie gedragskode sal die beste belang van die leerder van deurslaggewende belang wees, soos vereis deur artikel 28(2) van die Grondwet.

5.2 Respek vir regte en verantwoordelikhede:

5.2.1 Hierdie gedragskode erken en beskerm die fundamentele regte van elke leerder. Daar word terselfdertyd van leerders verwag om hierdie regte verantwoordelik uit te oefen en die regte van ander te respekteer.

5.3 Gelykheid en nie-diskriminasie:

5.3.1 Daar mag teen geen leerder onregverdig gediskrimineer word op grond van ras, geslag, taal, geloof, kultuur, gestremdheid of enige ander status nie.

5.4 Veiligheid en 'n ordelike leeromgewing:

5.4.1 Die skool prioritiseer die handhawing van 'n veilige, gestruktureerde en doelgerigte omgewing wat bevorderlik is vir effektiewe onderrig en leer.

5.5 Anti-boelie en teistering (insluitend kuberboelie)

5.5.1 Laerskool Gericke handhaaf 'n nulverdraagsaamheidsbenadering tot enige vorm van boelie of teistering, insluitend kuberboelie. Die skool verbind hom tot die skep en instandhouding van 'n veilige omgewing waar leerders boeliegedrag sonder vrees vir viktimisasie kan rapporteer deur middel van toepaslike en toeganklike rapporteringskanale.

5.5.2 Alle bewerings van boelie sal ernstig opgeneem en sonder onredelike vertraging ondersoek word.

5.5.3 Ernstige of herhaalde boelie kan as ernstige wangedrag geklassifiseer word en kan lei tot toepaslike dissiplinêre optrede.

5.6 Geen lyfstraf of vernederende dissipline:

5.6.1 Alle vorme van fisiese straf, vernederende of degraderende behandeling is streng verbode.

5.7 Proportionaliteit:

5.7.1 Dissiplinêre maatreëls moet in verhouding staan tot die aard en erns van die oortreding, met inagneming van die leerder se ouderdom, ontwikkelingsvlak, vorige gedrag en die spesifieke omstandighede van die voorval.

5.8 Prosedurele billikheid en die reg om aangehoor te word:

5.8.1 Elke leerder het die reg om aangehoor te word en om sy of haar weergawe te stel voordat enige ernstige dissiplinêre sanksie opgelê word. Alle dissiplinêre prosesse, verhore en sanksies moet voldoen aan die beginsels van prosedurele en substantiewe billikheid en behoorlik gedokumenteer word.

5.9 Restoratiewe, ondersteunende en progressiewe dissipline:

5.9.1 Die skool volg 'n proaktiewe en progressiewe benadering tot dissipline wat daarop gemik is om wangedrag te voorkom en vroegtydig aan te spreek. Waar toepaslik, sal dissipline daarop gerig wees om gedrag reg te stel, skade te herstel en persoonlike verantwoordelikheid te bevorder eerder as om bloot straf toe te pas.

5.9.2 Dissiplinêre prosesse moet 'n billike prosedure volg, insluitend skriftelike kennisgewing van beweerde oortredings, voldoende tyd vir voorbereiding, en die reg op bystand deur 'n ouer, voog of opvoeder.

5.9.3 Ondersteunende en opvoedkundige maatreëls, insluitend berading, gemeenskapsdiens en restoratiewe of herstel-ooreenkomste, kan toegepas word waar dit in die beste belang van die leerder en die skoolgemeenskap is. Akkurate rekordhouding van alle dissiplinêre optrede moet gehandhaaf word in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en beste praktyk-riglyne.

5.10 Konsekwente toepassing:

5.10.1 Hierdie gedragskode moet konsekwent en sonder partydigheid toegepas word ten einde billikheid en regverdigheid vir alle leerders te verseker.

5.11 Privaatheid en beskerming van persoonlike inligting:

5.11.1 Persoonlike inligting word versamel, verwerk en beskerm in ooreenstemming met POPIA, en toepaslike riglyne.

5.12 Ouer-vennootskap:

5.12.1 Ouers of voogde is gesamentlik verantwoordelik vir leerders se bywoning, gedrag en samewerking met die skool, en word aangemoedig om aktief aan die opvoedingsproses deel te neem.

5.13 Binding aan die gedragskode:

5.13.1 Toelating tot Laerskool Gericke impliseer dat leerders en hul ouers of voogde hierdie

gedragskode en die skool se algemene reëls aanvaar en hul daarto verbind.

5.14 Samewerkende opvoedingsverhouding:

5.14.1 Opvoeders, ouers en leerders word as vennote in die opvoedingsproses erken en onderneem om in 'n gees van wedersydse respek en samewerking op te tree. Alle partye moet hulself vergewis van die inhoud van hierdie gedragskode en die dissiplinêre beleid.

5.15 Diskresie met verantwoordbaarheid:

5.15.1 Die skool behou die reg voor om, waar omstandighede dit regverdig, redelike diskresie toe te pas, mits sodanige diskresie nie arbitrêr, onregverdig of diskriminerend uitgeoefen word nie.

5.16 Oortredings van die gedragskode:

5.16.1 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffende funksionering van die skool wesenlik benadeel, of wat strydig is met die waardes en bepalings van hierdie gedragskode, sal as 'n oortreding beskou word.

6. VERBOD OP LYFSTRAF EN INISIASIE

6.1 Enige vorm van lyfstraf, vernederende of degraderende dissipline is streng verbode, hetsy op die skoolterrein, tydens skoolaktiwiteite of in skoolverwante akkommodasie.

6.2 Inisiasiepraktyke of enige optrede wat 'n leerder se waardigheid aantas of fisiese of emosionele skade kan veroorsaak, word nie geduld nie. Oortreding van hierdie bepaling kan dissiplinêre en/of strafregtelike gevolge inhou.

7. SKOOL VEILIGHEID EN RAPPORTERING

7.1 Hierdie gedragskode moet saamgelees word met die skool se goedgekeurde Skoolveiligheidsplan. Die skool verbind hom tot die handhawing van 'n veilige leer- en werksomgewing en sal toepaslike noodreaksieprosedures volg waar die veiligheid of welstand van leerders, personeel of besoekers bedreig word.

7.2 Die skool behou die reg voor om ernstige voorvalle by die toepaslike owerhede aan te meld. Dit sluit onder andere in voorvalle wat verband hou met:

7.2.1 geweld of dreigemente van geweld;

7.2.2 seksuele misdrywe;

7.2.3 die besit van gevaarlike voorwerpe of wapens;

7.2.4 alkohol- of dwelmverwante oortredings; en

7.2.5 enige optrede wat 'n leerder of ander persoon se veiligheid in gevaar stel.

7.3 Sodanige optrede sal geskied in ooreenstemming met toepaslike wetgewing en kan insluit skakeling met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die distrikskantoor en Safe Schools-strukture waar nodig.

8. VERPLIGTE RAPPORTERING EN BESKERMING VAN KINDERS

8.1 Hierdie bepaling moet saamgelees word met die Skoolveiligheidsplan en verwante beskermingsprosedures.

8.2 Opvoeders en ander aangewese persone het 'n statutêre plig om enige redelike vermoede van fisiese mishandeling, seksuele misbruik of opsetlike verwaarlosing van 'n kind sonder onredelike vertraging by 'n aangewese Kinderbeskermingsorganisasie, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of die Suid-Afrikaanse Polisiediens aan te meld, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing.

8.3 Enige persoon wat kennis dra van 'n seksuele misdryf teen 'n kind moet dit onmiddellik by die Suid-Afrikaanse Polisiediens rapporteer. Versuim om sodanige rapportering te doen kan 'n strafbare oortreding uitmaak.

8.4 Die skool sal redelike stappe doen om die veiligheid en welstand van die betrokke leerder te beskerm, ondersteuningsmaatreëls soos berading te fasiliteer, en vertroulikheid te handhaaf binne die perke van die wet.

9. POPIA

9.1 Die skool tree op as die verantwoordelike party vir die verwerking van persoonlike inligting en verbind hom tot nakoming van die bepalings van die POPIA Wet.

9.2 Persoonlike inligting sal regmatig en verantwoordelik verwerk word, met inagneming van die beginsels van verantwoordbaarheid, verwerkingsbeperking, doelspesifikasie, sekuriteit en deelname van die datasubjek. Waar vereis, sal toestemming van 'n bevoegde persoon verkry word, en redelike tegniese en organisatoriese maatreëls sal geïmplementeer word om inligting te beskerm en databreuke te bestuur.

10. IMPLEMENTERING EN HERSIENING

10.1 Die skool sal redelike stappe doen om te verseker dat personeel toepaslik opgelei word oor die inhoud en toepassing van hierdie beleid, insluitend relevante prosedures rakende skoolveiligheid, verpligte rapportering en databeskerming.

10.2 Hierdie beleid sal gereeld hersien word, en minstens jaarliks of wanneer wetgewende of regulatoriese veranderinge dit vereis. 'n Rekord van wysigings en opdaterings sal gehandhaaf word.

11. REGTE EN PLIGTE VAN LEERDERS

11.1 Die reg om sonder steuring van ander te werk en te leer. Nie om ander te verhinder om te werk en te leer nie.

11.2 Elke leerder het die reg op privaatheid, respek en waardigheid.

11.3 Om met respek en beleefdheid behandel te word, deur beleefd teenoor ander op te tree en hulle te respekteer.

11.4 Elke leerder het die reg op veiligheid van persoon en geen geweld.

11.5 Geen liggaamlike lyfstraf mag toegepas word op leerders nie.

11.6 Leerders het die reg op 'n regverdige verhoor.

11.7 Leerders het die reg op 'n skoon en veilige leeromgewing en gesonde omgewing met skoon water.

11.8 Om nie aan fisiese, verstandelike en emosionele seksuele vervolging onderwerp te word nie.

11.9 Leerders het die reg om geheel te ontwikkel en om van opvoeders te verwag om 'n hoë standaard van opvoeding te handhaaf.

11.10 Leerders is verantwoordelik om die skool gereeld by te woon.

11.11 Alle leerders het die reg tot vryheid van spraak.

11.12 Pligte van leerders kom daarop te neer dat leerders hulself daartoe verbind om alle werk wat aan hulle opgedra is te doen, in die klas of tuis en ook om werk te voltooi sou hulle afwesig wees.

11.13 Indien 'n leerder afwesig sou wees, is dit hulle eie verantwoordelikheid om hulle huiswerk te kom afhaal by die skool en die werk wat hulle gemis het self in te haal.

11.14 Dit is alle leerders se plig en verantwoordelikheid om die skool se eiendom op te pas en enige leerder wat moedswillig die skool se eiendom misbruik en/of beskadig, se ouers is verantwoordelik om die skade te betaal of te herstel.

12. SKOOLBYWONING

12.1 Graad R is verpligtend en skoolbywoning is verpligtend tot en met Graad 9 (of die jaar waarin die leerder 15 word), onderworpe aan wetlike uitsonderings.

12.2 Afwesigheid sonder geldige rede is onaanvaarbaar; stokkiesdraaiery is verbode.

12.3 Afwesigheid van formele assesserings word slegs met 'n geldige mediese bewys of goedkeuring aanvaar.

12.4 Ouers het 'n regsplig om bywoning te verseker.

12.5 Leerders wat terugkom skooltoe nadat hulle die vorige dag afwesig was, moet 'n brief of bewys van hul ouers of voog saambring skooltoe waarin die rede vir afwesigheid uiteengesit word.

12.6 Afwesigheid van meer as 10 (tien) aaneenlopende onderrigdae, sonder 'n geldige rede, word as onreëlmatige bywoning beskou en sal die leerder diskwalifiseer om verder te vorder en hulle jaar te voltooi.

12.7 Indien 'n leerder by die skool siek word, moet hy/sy by die kantoor aanmeld waar die nodige hulp verleen sal word.

12.8 Leerders mag nie sonder toestemming die skoolterrein en/of klas verlaat nie. Indien 'n leerder die skool vroeër wil verlaat, moet 'n skriftelike of telefoniese versoek aan die kantoor gerig word en toestemming word deur die skoolhoof of adjunkhoofde gegee.

12.9 Ouers moet hulle kinders in die uittekenregister (voorportaal) persoonlik uitteken voordat die kinders die skoolterrein verlaat.

12.10 Ouers/voogde moet probeer om nie afsprake vir leerders gedurende skoolure te reël nie, veral nie gedurende assesseringsdae nie.

12.11 Afwesigheid van enige formele assessering word slegs aanvaar met 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of van 'n kliniek, in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.

12.12 Leerders wat gedurende 'n skooldag afwesig is, mag nie dieselfde dag 'n funksie / enige skoolaangeleentheid bywoon nie.

13. ALGEMENE NETHEID VAN LEERDERS

13.1 Naels kort en skoon

13.2 Geen juwele, behalwe horlosie en mediese armbande

13.3 Geen sonbrille (slegs voorgeskrewe brille)

13.4 Geen grimering

13.5 Geen oorringe by seuns, slegs *studs*/klein oorringentjies by dogters

13.6 Hare (Seuns)

13.6.1 Kort en netjies

13.6.2 Geen poniesterte, vlegsels, '*dreadlocks*' of buitengewone haarstyle binne die konteks van die skool se waardes

13.6.3 Geen patrone sal op die koppe uitgeknip word nie

13.7 Hare (Dogters)

13.7.1 Hare sal gevleg of gebind word met lint van skool se kleur (vlootblou / swart / wit)

13.7.2 Geen *curley perms* of *dreadlocks*

13.7.3 Indien 'n dogter se hare aan haar kraag begin raak moet dit vasgemaak word, kort lengte bob is wel toelaatbaar

14. SKOOLDRAG

14.1 Slegs die amptelike skooldrag en sportdrag van ons skool is aanvaarbaar volgens die somer- of winterkode.

14.2 Somer- en wintersdrag mag nie gemeng word nie (sien ook huiswerkboekie).

15. VERANTWOORDELIKHEDE / BEMAGTIGING VAN OPVOEDERS

15.1 Alle opvoeders moet die leerder se reg tot 'n gehalte opvoeding te alle tye respekteer en bevorder, en is verantwoordelik daarvoor om:

15.1.1 billike en konsekwente dissipline toe te pas;

15.1.2 veiligheidsrisiko's betyds te identifiseer en aan te spreek;

15.1.3 verpligte rapportering te doen waar daar redelike gronde bestaan om kindermishandeling, verwaarlosing of seksuele misdrywe te vermoed, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing;

15.1.4 deursoekings en alkohol- of dwelmtoetse streng volgens wetlike voorskrifte te hanteer; en

15.1.5 akkurate en volledige dokumentasie van dissiplinêre optrede en voorvalle by te hou.

15.2 Opvoeders moet hul professionele pligte en verantwoordelikhede teenoor die ouers en kind getrou uitvoer en te alle tye in die beste belang van die leerder optree.

15.3 Kragtens die Grondwet moet opvoeders die regte van leerders te alle tye respekteer.

15.4 Van opvoeders word verwag om deur 'n voorbeeldige lewe in die gemeenskap te lei, 'n rol te vervul wat 'n positiewe bydrae tot die bou van 'n beter samelewing sal lewer.

15.5 Opvoeders moet in samewerking met die ouer en leerder 'n rol vervul wat 'n bydrae sal lewer tot die skepping van 'n klimaat waarbinne gesonde leer en opvoeding, gebaseer op gesonde waardes, en standaarde kan plaasvind.

15.6 Elke personeellid is by magte om 'n leerder wat steurende, ontwrigtende en onbehoorlike gedrag openbaar of tuis- en skoolwerkoortredings begaan, te hanteer volgens die gedragskode en dissiplinêre beleid.

15.7 Elke opvoeder hanteer gedragsprobleme in hulle klas / buitemuurse aktiwiteit volgens hulle eie persoonlike gedragsbestuurplan maar in ooreenstemming met die skool se gedragskode.

15.8 Indien die leerder nie reageer op die opvoeder se gedragsbestuurplan nie, word die dissiplinêre beleid gevolg.

15.9 Opvoeders tree, binne die raamwerk van die wet en skoolbeleid, in loco parentis op en mag redelike en opvoedkundig-verantwoordbare besluite neem om orde en veiligheid te handhaaf.

15.10 Ernstige dissiplinêre sanksies bly onderhewig aan die skool se formele dissiplinêre prosesse en toepaslike wetgewing.

15.11 Indien 'n leerder 'n klas ontwrig, of die uitvoering van onderrig en leer deur die opvoeder belemmer, mag die opvoeder die leerder op 'n gepaste en veilige wyse uit die klas verwyder in ooreenstemming met die dissiplinêre beleid.

15.12 Indien 'n leerder(s) ander leerders in die klas se veiligheid bedreig of in gevaar stel, kan die onderwyser die ander leerders uit die klas verwyder en wegneem uit die gevaar situasie. Die onderwyser is dan vrygestel van enige verantwoordelikheid vir die ontwrigtende of aggressiewe leerder(s).

15.13 Die leerder(s) se ouers sal gekontak word, om die leerder(s) van die skoolgronde te verwyder.

15.14 Elke opvoeder het 'n plig van sorg en verantwoordelikheid om die leerder onder sy/haar toesig te beskerm, dus sal enige leerder(s) wat die reg van ander leerders om te leer en onderrig te word skend, asook 'n gevaar inhou vir mede-leerders, verwyder word.

15.15 Opvoeders moet hul diskresie redelik, billik en nie-arbitrêr uitoefen nie.

16. VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS

16.1 Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers of voogde.

16.2 Daar word van ouers verwag dat hulle:

16.3 Die skool sal ondersteun en van leerders sal vereis word om alle skoolreëls en regulasies, soos vervat in die Gedragskode, na te kom;

16.3.1 Leerders leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle foute en daaruit te leer;

16.3.2 Om verantwoordelikheid te neem vir hul kinders se gedrag;

16.3.3 'n Lewendige belangstelling in hulle kind se skoolwerk sal toon;

16.3.4 Dit vir die kind moontlik sal maak om onder 'n positiewe klimaat te leer en skoolwerk te voltooi;

16.3.5 Die skool se waardes tuis sal inskerp;

16.3.6 Leerders opvoed om gesag te aanvaar en respek te hê vir ouer persone;

16.3.7 Realistiese verwagtinge ten opsigte van hul kinders se akademiese, sport en kultuur en potensiaal te hê;

16.3.8 Hulle gedrag sal rig volgens die bepalings van die skool se onderskeie beleide;

16.4 Ouers se betrokkenheid by leerders se skoolwerk en -aktiwiteite is noodsaaklik, ouers moet vergaderings wat betrekking het op hul kind se opvoeding getrou bywoon;

16.5 Ouers moet opvoeders met respek hanteer in terme van gesprekke en gedrag asook opvoeder se privaat tyd respekteer.

Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com

AANHANGSEL: DISSIPLINÊRE BELEID

1. DOELSTELLING

Laerskool Gericke se dissiplinestelsel (wat bestaan uit krediete en debiete) word gebruik om ons leerlinge tot verantwoordelike besluitneming te lei en om selfdissipline by leerlinge in te skerp. Deur 'n waardestelsel by leerders te kweek waarin elke leerder glo en nie net nog 'n stel reëls en regulasies waarby gehou moet word nie, maar proaktiewe dissipline en positiewe gedragsbestuur.

Ons streef daarna om 'n positiewe dissipline stelsel vir leerders daar te stel sodat elkeen aangemoedig word die skool se elf waardes uit te leef. Die skool wil graag krediet en erkenning gee aan leerlinge wat daardie ekstra tree gee en meer doen as wat van hulle verwag word ten einde hulle te motiveer. Goeie selfdissipline en pligsbesef is voorvereistes vir die bevordering van die leerproses.

Ons moet ook, wanneer 'n leerling nie sy kant bring nie, ouers in kennis stel om 'n herhaling daarvan te voorkom. Ons dissipline stelsel sluit 'n stelsel van korrektiewe maatreëls in wat gebruik word as 'n opvoedkundige instrument ter bevordering van die leerder se ontwikkeling. Ons dissipline stelsel is ook een van verslaghouding, welke deur middel van punte wat aan 'n krediet of debiet toegeken word, vir ouers 'n aanduiding gee van hoe ernstig die prestasie of oortreding geag word. Die verslag sal saam met leerders se rapporte aan die ouers gegee word.

Hierdie punt het geen invloed op 'n leerder se akademiese punte nie en kan nie bygetel of afgetrek word van punte wat behaal is in toetse of eksamens nie.

Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com

2. WERKING VAN PUNTESTELSEL

NEGATIEF	POSITIEF
Alle leerders begin op nul punte. Wanneer leerder oortree, word hy/sy gestraf volgens die puntetabel soos hieronder uiteengesit. Leerders kan ook positiewe punte ontvang. Wanneer leerder minus punte het en iets positief doen, ontvang hulle positiewe punte. **Wanneer leerder -5 het, word 'n afskrif van sy vorm gemaak en aan sy/haar ouers gestuur. Ouers teken dan die leerder se vorm, stuur dit terug en moet dan die skool kontak om met onderwyser te kommunikeer oor kind se gedrag.** **Wanneer 'n leerder -8 bereik, ontvang hy 'n detensiebrief vanaf die Adjunkhoof.** Wanneer 'n leerder detensie gesit het ontvang hy/sy 5 positiewe punte, welke teen sy/haar dissipline punte gekrediteer. **Wanneer leerder -10 bereik, moet hy/sy voor Departementshoof (GF en INTERSEN) en Adjunkhoof verskyn met detensie.** Soos gekommunikeer aan ouers tydens ouervergaderings. Indien 'n leerder minus 10 punte het sal hy/sy nie toere en/of kampe kan meemaak nie! **As leerder -15 het, verskyn hy/sy voor Skoolhoof/Adjunkhoof met detensie.** **As leerder -20 bereik, verskyn hy/sy saam met ouers voor dissiplinêre komitee (Adjunkhoof / Departementshoof) met gevolglike strafmaatreëls.** **As leerder -25 bereik, verskyn hy/sy saam met ouers voor skoolbeheerliggaam en dissiplinêre komitee met die moontlikheid van uitsetting.** **Punte val nooit weg deur die jaar nie. Eers elke nuwe jaar begin alle leerders op nul punte. So leerders behou hul punt dwarsdeur die jaar.**	Positiewe punte kan verkry word slegs as leerder dit herhaaldelik uitvoer bv. vir 4 weke is huiswerk elke keer gedoen. Positiewe punte word gegee deur opvoeders wat elke dag met leerders werk. Ouers kan nie punte aanbeveel vir leerder as hy/sy net een keer iets positief gedoen het nie. Deur hierdie positiewe stelsel wil ons leerders leer om herhaaldelik positiewe insette tot die samelewing te lewer. Leerders word beloon aan einde van elke kwartaal as hy/sy positiewe punte het. Begin eerste met bloue, dan rooi, dan silwer en dan 'n goue kol. As 'n leerder 10 positiewe punte het, kan hy/sy siwwies dra.

Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com

3. PUNTESTELSEL

NEGATIEWE PUNTE					
KATEGORIE / VLAK 1 OORTREDINGS -1		KATEGORIE / VLAK 2 OORTREDINGS -2	KATEGORIE / VLAK 3 OORTREDINGS -5		KATEGORIE / VLAK 4 OORTREDINGS -10
Huiswerk / klaswerk nie gedoen nie	Boek by die huis vergeet	Verlaat klas sonder toestemming	Oneerlikheid / oneerbiedigheid (insl. toetse/eksamens)	Verlaat skool sonder toestemming	Besit / gebruik van gevaarlike voorwerpe / wapens
Portefeulje nie ingehandig / nie gedoen	Toets nie geteken	Ongemagtigde gebruik van selfone	Dreig / Teistering van ander leerders (verbaal / fisies)	Dreig / Teistering van opvoeders (verbaal / fisies)	Besit / gebruik van Dwelms/Alkohol en verbode- of verslawende middels
Algemene onnetheid / Klas / Klasarea vuil	Eet in klas	Onaanvaarbare voorkoms	Nie opdaag vir wedstryde / skoolverpligtinge / detensie	Viktimisering / Boeliegedrag	Fisiese mishandeling / aanranding
Laat tas op verkeerde plek	Rommelstrooiing / Skooltuine verniel	Herhaaldelik laat kom vir skool	Aanhitsing	Vandalisme	Diefstal / Roof
Laat vir skool en klas	Haarsnit/styl nie volgens skoolreëls	Afskryf van huiswerk	Ernstige wangedrag / ontwrigtende optrede	Diskrediteer skoolbeeld	Rook / Bystander
Wegbly van saalopening	Wegbly van buitemuurse aktiwiteite	Uittarting van opvoeders	Herhaalde Kategorie / Vlak 2 oortredings	Medepligtigheid aan die pleging van enige van die	Ernstige vandalisme/ saakbeskadiging

				voormelde oortredings	
Onderbreek / ontwrig lesse	Pligsversuim / Voer nie opdragte uit nie	Ontwrigtende gedrag	Ander oortredings wat volgens diskresie as Kategorie / Vlak 3 oortreding geklassifiseer behoort te word		Onvanpaste aanraking / Immorele gedrag
Parmantig met leiers	Terugpraat / parmantig met personeel	Skeltaal / onbetaamlike taalgebruik			Besit van obsene / onwelvoeglike materiaal / literatuur / gedrag
Wangedrag op stoepe / aantree	Onaanvaarbare / Steurende / Wangedrag tydens skoolure	Herhaalde wangedrag			Rassehaat / Diskriminasie
Blatante ongehoorsaamheid	Swak gedrag	Herhaalde Kategorie / Vlak 1 oortredings			Brandstigting
Ander oortredings wat volgens diskresie as Kategorie / Vlak 1 oortreding geklassifiseer behoort te word		Medepligtigheid aan die pleging van enige van die voormelde oortredings			Maak van bomdreigemente

		Ander oortredings wat volgens diskresie as Kategorie / Vlak 2 oortreding geklassifiseer behoort te word			Enige ander Kriminele optrede
					Herhaalde Kategorie / Vlak 3 oortredings
					Medepligtigheid aan die pleging van enige van die voormelde oortredings
					Ander oortredings wat volgens diskresie as Kategorie / Vlak 4 oortreding geklassifiseer behoort te word

POSITIEWE PUNTE	
+1	+2
Hulpvaardigheid (mits goeie insette)	Hulp tydens sportgeleenthede (bv. Opruiming by Kleuresport/Sportdag)
Lojaliteit	
Volgehoue goeie werk (bv. 10 keer "goeie werk")	
Netheid	
Omgee	
Eerlikheid	
Verantwoordelikheid	
Bedagsaamheid	
Positiewe gesindheidsverandering	
Betroubaarheid	
Opruim van klaskamer, uitvee, snippermandjie leegmaak ens.	
Hoflikheid en voorbeeldigheid	

4. ALGEMENE ORDE VAN DISSIPLINERING

4.1 Elke saak / situasie sal op meriete hanteer word.

4.2 Die dissiplinêre prosedures sal op 'n billike, regverdige, oop en deursigtige manier plaasvind en die verhoor sal gesluit wees vir alle persone behalwe die partye betrokke.

4.3 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

5. PROSEDURE TYDENS DISSIPLINÊRE VERHORE

5.1 VOORLOPIGE ONDERSOEK

5.1.1 Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik die gedragskode oortree, kan die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel wie inligting sal versamel sodat die skoolhoof kan besluit of 'n

dissiplinêre verhoor nodig is.

5.1.2 Die opdrag van die ondersoekbeampte sal wees om uit te vind wanneer, waar en onder watter omstandighede die beweerde wangedrag plaasgevind het. Hy/sy sal bewyse invorder om vas te stel of 'n klag van wangedrag teen die betrokke leerder(s) grondig is.

5.1.3 Indien 'n leerder tydens die voorlopige ondersoek teenoor die ondersoekbeampte erken dat hy/sy homself skuldig gemaak het deur om die gedragskode te oortree, sal die ondersoekbeampte by magte wees om 'n aanbeveling dienooreenkomstig die leerder se skulderkenning aan die skoolbeheerliggaam / dissiplinêre komitee te maak dat 'n volledige dissiplinêre verhoor oorbodig is waarna 'n dissiplinêre komitee dadelik kan voortgaan om strafversagtend en -strafverswarende omstandighede aan te hoor en gevolglik 'n gepaste sanksie op te lê.

5.2 KLAGTES VAN WANGEDRAG EN KENNISGEWING VAN DISSIPLINÊRE VERHORE

5.2.1 Indien die skoolbeheerliggaam van mening is dat die ondersoekbeampte se verslag genoegsame gronde vir 'n klag van wangedrag teen die leerder(s) bevat, sal die skoolbeheerliggaam 'n skriftelike klagstaat opstel en aan die leerder(s) oorhandig.

5.2.2 Hierdie kennisgewing moet minstens 5 (vyf) werksdae voor die verhoor aan die leerder en sy/haar ouers / voogde oorhandig word en sal die nodige inligting rondom die datum, plek en aard van die beweerde oortreding bevat.

5.2.3 Die kennisgewing sal ook die leerder(s) inlig van hulle volgende regte gedurende die dissiplinêre verhoor.

5.2.4 Die leerder se ouer / voog moet die skool van 'n ontvangserkenning van die kennisgewing voorsien.

5.3 DISSIPLINÊRE KOMITEE

5.3.1 Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die skoolbeheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die skoolbeheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die skoolbeheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die skoolhoof.

5.3.2 Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die skoolbeheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

5.3.3 Die dissiplinêre komitee sal as volg saamgestel word:

5.3.3.1 Voorsitter van die dissiplinêre komitee soos deur die skoolbeheerliggaam verkies;

5.3.3.2 Pro Forma Aanklaer wat die klagtes ondersoek het;

5.3.3.3 Twee skoolbeheerliggaamslede;

5.3.3.4 Adjunk- of Dissiplinehoof van die skool; en

5.3.3.5 Sekretaresse vir die neem van notules (indien een van die twee skoolbeheerliggaamlede nie kan notule hou nie).

5.4 DISSIPLINÊRE VERHOOR

5.4.1 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in Artikel 8(7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

5.4.2 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die skoolbeheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

5.4.3 Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

5.4.4 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

5.4.5 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

5.4.6 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk

te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

5.4.7 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg 'n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

5.5 UITSPRAAK EN KORREKTIEWE MAATREËLS / SANKSIES

5.5.1 In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens 5 (vyf) onderrigdae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

5.5.2 Indien die uitspraak van die dissiplinêre komitee nie nagekom word nie, sal die leerder geskors word totdat 'n opvolg verhoor plaasvind.

5.5.3 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die skoolbeheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid Afrikaanse Polisiediens verwys.

5.6 INTERNE APPÈL

5.6.1 'n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die skoolbeheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 (vier en twintig) uur nadat hy/sy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die skoolbeheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

5.6.2 Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.

5.6.3 Binne 24 (vier en twintig) uur ná ontvangs van die kennisgewing van appél moet die voorsitter van die skoolbeheerliggaam 'n appèl komitee saamstel wat uit 'n lid van die skoolbeheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie in die appèl komitee ook dien nie.

5.6.4 Die voorsitter van die skoolbeheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèl komitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig, en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèl

komitee se beskikking gestel word.

5.6.5 Die ander party sal geregtig wees om binne 24 (vier en twintig) uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèl komitee te rig.

5.6.6 Die appèl komitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot 'n oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.

5.6.7 Enige party wat verdere getuienis wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèl komitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèl komitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 (vier en twintig) uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

5.6.8 Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet 'n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

5.6.9 Die appèl komitee moet binne 7 (sewe) onderrigdae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

5.6.10 Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

5.6.11 Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

5.6.11.1 die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;

5.6.11.2 'n alternatiewe strafmaatreël oplê (wat 'n swaarder straf insluit); en

5.6.11.3 enige ander beslissing gee wat die appèl komitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

5.7 NOTULERING VAN VERRIGTINGE

Die beheerliggaam sal vir die akkurate notulering van die verrigtinge gedurende die dissiplinêre verhoor voorsiening maak.

6. KORREKTIEWE MAATREËLS / SANKSIES

Die Skool in samewerking met die skoolbeheerliggaam is by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

6.1 Mondelinge of 'n skriftelike waarskuwing, deur 'n opvoeder of die Skoolhoof;

6.2 Moontlike aanbeveling van sessies by die skoolberader;

6.3 Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is;

6.4 Opskorting van deelname aan sekere skoolaktiwiteite, insluitend, maar nie beperk tot sport, kultuur en sosiale geleenthede van die skool vir 'n bepaalde periode;

6.5 Ooreengekome, bekostigbare vergoeding;

6.6 Vervang of herstel van beskadigde eiendom;

6.7 Gemeenskapsdiens vir tot ses uur / Detensie;

6.8 In die geval van die oortreding van die gedragskode deur die prefekte en ander skoolleiers:

6.8.1 Saam met of as alternatief vir die voormelde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente ontheffing van posisie as prefek of 'n ander leiersamp in die skool.

6.9 Skorsing;

6.10 Tydelike / permanente uitsetting;

6.11 Kriminele Ondersoek deur die Suid Afrikaanse Polisiediens; en

6.12 'n Kombinasie van die voormelde.

7. DETENSIE

Detensie sal op Vrydae vanaf 13:30 – 15:00 geskied. Onderwysers sal streng toesig hou, terwyl die kinders in die detensieklas werksaam is. Tydens die tydperk sal intervensie plaasvind met veral klem op Afrikaans, Engels en Wiskunde. Detensie geskied weekliks.

Geen ouer kan 'n kind verskoon van detensie nie, tensy daar ernstige siekte in die onmiddellike familie is of die afsterwe van 'n familielid. In so 'n geval sal die leerder op 'n

later stadium sy/haar detensie uitoefen.

Indien 'n leerder weens 'n geldige verskoning nie detensie kan bywoon nie, moet daar skriftelik deur die ouer by die skoolhoof en of gedelegeerde persoon toestemming gevra word, waarna detensie na 'n ander datum uitgeskuif kan word. Indien 'n leerder sonder toestemming van detensie afwesig is en/of nie bywoon nie, sal daar dienooreenkomstig die puntestelsel opgetree word.

Ouers word gemaan om streng by die regulasies te bly om dissiplinêre aksie te voorkom.

8. SKORSING EN/OF UITSETTING

8.1 DEFINISIES

8.1.1 "SKORSING" beteken die tydelike verbod op 'n leerder se bywoning van 'n skool nadat die proses ingevolge Artikel 9(1) van die Skolewet gevolg is.

8.1.2 "UITSETTING" beteken die permanente verbod deur die Departementshoof op 'n leerder se bywoning van die skool waar hy/sy ingeskryf is, nadat die proses ingevolge Artikel 9(1D) van die Skolewet gevolg is.

8.2 TYDPERKE EN PROSEDURELE VEREISTES

8.2.1 'n Leerder kan, as 'n voorsorgmaatreël, vir hoogstens 7 (sewe) onderrigdae geskors word hangende 'n dissiplinêre verhoor.

8.2.2 Na 'n skuldigbevinding kan 'n leerder vir 'n verdere tydperk van hoogstens 7 (sewe) onderrigdae geskors word as 'n korrektiewe maatreël.

8.2.3 Waar die Skoolbeheerliggaam die Departementshoof aanbeveel om 'n leerder uit te sit, kan die leerder vir 'n addisionele tydperk van hoogstens 14 (veertien) onderrigdae geskors word hangende die Departementshoof se besluit.

8.2.4 Die totale tydperk van skorsing mag nie 21 (een en twintig) onderrigdae oorskry nie, tensy anders deur wetgewing bepaal.

8.2.5 Die Departementshoof moet binne 'n redelike tyd, en verkieslik binne 14 (veertien) dae, 'n besluit oor die aanbeveling neem en kan:

8.2.5.1 die uitsetting bekragtig;
8.2.5.2 alternatiewe sanksies oplê; of
8.2.5.3 die saak na die Skoolbeheerliggaam terugverwys.

8.2.6 Waar 'n leerder onderhewig is aan verpligte skoolbywoning, moet die Departement van Onderwys toepaslike alternatiewe plasing oorweeg.

8.3 Ingevolge toepaslike provinsiale regulasies kan die volgende optrede as ERNSTIGE WANGEDRAG geklassifiseer word en kan dit aanleiding gee tot formele dissiplinêre optrede, insluitend skorsing en/of 'n aanbeveling aan die Departementshoof vir uitsetting.

Hierdie lys is nie volledig nie en die skool behou die reg voor om enige gedrag wat die veiligheid, welstand of regte van ander wesenlik benadeel, as ernstige wangedrag te klassifiseer.

8.3.1 Optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;

8.3.2 Strafregtelike, onsedelike of seksueel onvanpaste gedrag en onsedelikheid soos verkragting, geslagsgebaseerde teistering, onbetaamlike ontbloting, betasting, ens.;

8.3.3 Bakleiery, mishandeling en aanranding met die doel om ernstige liggaamlike skade aan te rig;

8.3.4 Enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;

8.3.5 Intimidasie, oneerbiedigheid, ernstig ontwrigtende of beledigende gedrag en/of afkeurenswaardige gedrag en verbale mishandeling / beledigende taal gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;

8.3.6 Viktimisasie, afknouery, boelie en intimidasie van ander leerders;

8.3.7 Aanranding op 'n opvoeder;

8.3.8 Ernstige insubordinasie of opsetlike minagting van die gesag van 'n opvoeder;

8.3.9 Onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die kwaadwillige vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;

8.3.10 Diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets; of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;

8.3.11 Die oortreding van eksamenreëls;

8.3.12 Die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;

8.3.13 Die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde

dwelms, alkohol, rook- en bedwelmende middels van enige aard;

8.3.14 Die besit van obsene materiaal insluitende materiaal wat seksuele omgang in al sy vorme beskryf soos ooreenkomstig die skool se sosiale- en seksuele teistering beleid;

8.3.15 Onder die invloed van sterk drank of onwettige middels;

8.3.16 Opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom;

8.3.17 Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit; en

8.3.18 Herhaalde oortredings van skoolreëls of Laerskool Gericke se gedragskode.

8.4 GEVOLGE VAN SKORSING

8.4.1 Die leerder mag nie gedurende die skorsingstydperk die skoolterrein betree of aan enige skoolaktiwiteit deelneem nie. Die leerder mag ook nie vir die duur van die skorsing enige amp beklee of enige pligte en werksaamhede met betrekking tot skoolbeheer uitvoer nie. Boonop mag die leerder nie klas bywoon of aan enige buitekurrikulêre skoolaktiwiteit deelneem nie.

8.4.2 Die leerder sal wel toegelaat te word om onder die toesig van sy/haar ouer/voog skoolwerk by die skool te kom haal. Indien die skorsing met enige toetse of eksamens saamval, sal die leerder toegelaat word om die toets of eksamen by die skool af te lê, waarna hy/sy die skoolperseel onmiddellik moet verlaat. 'n Leerder wat geskors is, moet wel akademies op datum bly. Opvoeders moet seker maak dat hulle nie agter raak nie.

8.5 UITSETTING

8.5.1 Die Departementshoofde is by magte om 'n leerder uit te sit indien die dissiplinêre verrigtinge op 'n skuldigbevinding uitloop en die skoolbeheerliggaam uitsetting aanbeveel het.

8.5.2 Die betrokke Departementshoof moet binne 14 (veertien) dae na ontvangs van so 'n aanbeveling 'n besluit neem.

8.5.3 Indien die Departementshoof besluit om nie die leerder uit te sit nie, mag die Departementshoof, na konsultasie met die skoolbeheerliggaam 'n gepaste strafbepaling vir die leerder oplê wat deur die skoolbeheerliggaam geïmplementeer moet word.

8.5.4 Indien die Departementshoof besluit om nie 'n strafbepaling vir die leerder op te lê nie, moet

die Departementshoof die saak terugverwys na die skoolbeheerliggaam vir 'n alternatiewe strafbepaling ingevolge die gedragskode.

8.5.5 Indien die Departementshoof versuim om 'n besluit te neem binne die venstertydperk van 14 (veertien) dae vir die Departementshoof se antwoord, moet die skoolbeheerliggaam op dag 15 (vyftien), of so gou moontlik na die dringend by die hooggeregshof aansoek doen om 'n bevel om die Departementshoof te dwing om 'n besluit te neem.

8.5.6 Indien 'n leerder wat onderworpe is aan verpligte skoolbywoning ingevolge Artikel 3 van die Skolewet uitgesit word uit die skool, moet die Departementshoof 'n alternatiewe reëling vir sy/haar plasing by 'n skool tref.

8.5.7 Indien 'n leerder wat nié onderworpe is aan verpligte skoolbywoning nie, uitgesit word uit die skool, kan die ouers van die leerder alternatiewe reëlings vir sy/haar plasing by 'n skool tref en die distriksdirekteur om bystand nader.

8.6 APPÈL

8.6.1 'n Leerder wat uitgesit is uit die skool en/of sy/haar ouer/voog, mag appèl aanteken teen die besluit van die Departementshoof by die Provinsiale Minister binne 14 (veertien) dae na ontvangs van die kennisgewing van uitsetting.

Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | E-pos: admin.gericke@lando.co.za
Webwerf: http://lsgericke.com

Hersien en goedgekeur in CERES OP 23 /03 2026

Handtekeninge:

Voorsitter: P. Morkel | **T. Du Toit** | **J. Rabe** | **E. Laubscher**

J. Redelinghuys | **C. Opperman** | **C. Pretorius** | **M. Rix**

S. Selders (skoolhoof)

Kringkantoor: Kring 5 (Kaapse Wynland):

B. Jacobs